# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE
REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVIII** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2024 DECEMBER **No. 06**


**DIE HEILIGE SKRIF**
**LUKAS 1: 28 tot 35**

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

28. Toe die engel by haar kom sê hy: "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou."
29. Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken.
30. Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou.
31. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee.
32. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee,
33. en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie."
34. Maar Maria sê vir die engel: "Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?"
35. Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God."

# DIE VREDE VAN GOD IN CHRISTUS!



## Omhels die Ware Gees van Kersfees!

THE PEACE OF GOD IN CHRIST! Embracing the True Spirit of Christmas!



*Eerw. Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*



Die Kersseisoen ontvou oral in die wêreld, versier met allerlei lewendige feestelikhede, vonkelende liggies en vrolike liedere. Maar midde in al die vieringe is daar 'n diepe soeke na vrede, genesing en hoop in die mense se harte. Kersfees, die viering van Jesus Christus se geboorte, het 'n lewensveranderende vredesboodskap wat tradisionele feestelikhede oortref. Deur Christus beleef ons nie net die vreugde van die seisoen nie, maar ook 'n diep, langdurige vrede wat genesing en bevryding van sonde, skande en angste van die stukkende wêreld bring.

**DIE BOODSKAP VAN VREDE IN DIE GEBOORTE VAN CHRISTUS!**

Die Kersverhaal wat Matteus en Lukas in die Evangelies vertel roep uit van 'n nuwe hoop vir die mensdom. Die engele het vir die herders

....verv. op.bls. 4


**Echo of His Call**



*YouTube Christian Channel !*

Jy sal die geleentheid kry om saam met **Pr. S. Sam Selva Raj** te bid!

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – From 2.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS




## van julle geliefde broer...



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF

Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

HON. MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.

ADMINISTRATION

Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.



EDITOR, PUBLISHER & PRINTER

Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers


10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858

E.MAIL

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

YOUTUBE CHANNEL

Echo of His Call


"Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep." – Psalm 145:18

Geliefdes in Christus Jesus,

Dit is ons groot voorreg om julle te groet in die wonderlikste Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus, die Naam bo alle name!

Ja, deur die genade van God Jesus Christus is ons veilig. Hy het ons medewerkers aangeraak deur sy Mag en hulle genees van verskeie siektes en geestelike kwellings.

Deur God se genade het ons op 19 Oktober 2024 'n spesiale kamp gehou vir die dames. Suster Angeline Selvakumari, ons hoofredakteur, het God se boodskap gebring. Die dames wat daar saam was het die genesende aanraking van God geniet in hul persoonlike lewens en ook van hul gesinne.



*Spesiale kamp vir dames by Hoofkerk*

Ons het ook 'n een dag Spesiale Kamp vir die mans gehou onder die naam JOSUA VEGTERS, by 'n kampterrein naby Mahabalipuram,



*JOSUA VEGTERS Mannekamp by Mahabalipuram*

omtrent 60 Kilometers van Chennai af. Ons het 'n bus gehuur saam met ons mini-busse. 70 mans het dit bygewoon. Daar was spesiale sprekers, speel tyd, tyd vir bid, deel tyd en tyd vir toewyding. 'n Paar manne wat

teruggeval het, het met trane hul lewens weer aan Jesus Christus toegewy. Hulle sal nou Kerkdienste bywoon en deelneem aan die bedienings. Ons het ontbyt voorsien, middagete, versnaperings en tee en ook 'n T-hemp, gratis vir elkeen. Bid asseblief vir hulle.

Net soos julle is ons ook besig om Evangelie-programme te reël vir hierdie maand gebaseer op die geboorte van ons liefdevolle Verlosser Jesus Christus. Dit is die beste seisoen om die onbereikbare gemeenskappe te bedien met geskenke, kos, klere, Kerkprogramme, uitreike, ens. Bid asseblief vir goeie gesondheid vir al ons medewerkers.

Ons is so dankbaar teenoor ons geliefde broers en susters wat ons gedurende die afgelope jaar 2024 gehelp het deur gebed en ondersteuning. Ons kan getuig dat in erg moeilike tye die Here ons nie laat vrees het nie, want Hy het deurentyd saam met ons gewandel. **U beskerm my soos 'n herder sy skape beskerm met sy stok en met sy kierie.** (Psalm 23:4, Bybel vir almal). Ons hoop die Nuwe Jaar 2025 sal vir sy kinders 'n groot seën wees.

Ons is lief vir julle meer as wat woorde kan beskryf en ons bid vir julle en julle geliefdes.

**Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!** Numerie 6:24-26.

Mag julle 'n geseënde Kersfees en Nuwe Jaar 2025 hê!

Julle dienaars in Christus Jesus,

**PS. ALEX SAMSON SAM**
**PS. S. SAM SELVA RAJ**
(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

**Bid asb. vir**

**... All continued with one accord in prayer and supplication, with the women and Mary the mother of Jesus, and with His brothers. Acts 1:14**

*We wish to pray together with Godly people of the Southern Districts of Tamil Nadu!*

## Deliverance Prayer for God's Children and World Peace!

**Place: Echo of His Call World Peace Prayer Centre,**
**Alwarcoil Junction, Vattam Road,**
**Eranial–Thuckalay Main Road,**
**Neyyoor P.O., Kanyakumari District-629 802.**

**Time : 13-12-2024**
**2nd Friday**
**10.00 A.M. to 12.00 noon**



**Pastor S. Sam Selva Raj will join with his ministerial workers.**

Pastor S. Sam Selva Raj was born and received God's calling in Kanyakumari District and he is having multifarious ministries for the past 55 years, with his Head Quarters in Chennai.

As per the revelation from God, God willing this meeting will be conducted on the second Friday of every month at 10.00 A.M. Sick will be prayed for! The Lord Jesus Christ will do wonders!!

God's children who are enabled by the Lord can join. Children of God residing far and having a burden for this prayer can pray from their respective places at the same time.

**Administrative Committee:Echo of His Call Ministries Cell: 98412 71858**

*verv. v. bls.1*

uitgeroep: **Eer aan God in die hoogste, en vrede op aarde vir die mensdom in wie Hy behae het!** (Lukas 2:14). In hierdie aankondiging is vrede onlosmaaklik verbind met die blydskap van Christus se geboorte – 'n skynsel van die diepgaande invloed wat Hy sou hê in die versoening van die mensdom met God.

Jesaja se profesie spel hierdie boodskap mooi uit: **Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.** (Jesaja 9:5). Die titel **Vredevors** verwoord Jesus se taak om vrede te bring vir die wêreld wat deur sonde en onenigheid geskend is.

## DIE VREDE VAN GOD AS ONS ANKER!

God se vrede word die anker vir ons siele in die skommelings van die lewe. In Filippense 4:6-7 skryf Paulus: **Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.** Hierdie vrede is herskeppend, gee sekerheid en kalmte in die lewe se storms. Christus nooi ons na 'n verhouding met God wat ons verseker van sy ewige teenwoordigheid en sorg. Of dit in die feesseisoen is of ten tye van persoonlike seer, sy vrede omvou ons en herinner ons dat ons nie alleen is nie.

## VRY VAN SONDE EN SKANDE!

Vryheid van sonde en skande wat Jesus aanbied is een van Kersfees se kragtigste boodskappe. Die mensdom se gebrokenheid weens sonde en skuldigheid veroorsaak dikwels gevoelens van ontoereikendheid en skaamte. Jesus se geboorte dui op Goddelike ingryping om verlossing te bring. Die engel Gabriël het vir Maria verseker: **Niks is vir God onmoontlik nie.** (Lukas 1:37). Die aankoms van die Messias was nie net 'n wondergebeurtenis nie, maar dit begin van 'n nuwe verbond tussen God en die mensdom. Jesus het gekom om ons te red van ons sonde: **Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."** (Matteus 1:21).

Paulus bevestig dit met 'n skerp stelling: **Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.** (Romeine 8:1). Hierdie is 'n verklaring van hoop en vryheid. Jesus het ons sonde en skande op die kruis gedra, en daarmee nie net vergifnis voorsien nie, maar ook 'n nuwe identiteit as geliefde kinders van God.

## DIE KRAG VAN VERGIFNIS!

God se vrede is intens verbind aan die vergifnis wat ons ontvang deur Christus. Hierdie vergifnis vernietig die kettings van sonde en skuld sodat ons in nuutgevonde vrede kan wandel. Paulus skryf so daaroor: **Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.** (Kolossense 1:13-14). Aanvaarding hiervan bevry ons van die verlede se gewig, verwyder die las van skuld en laat ons voluit lewe in

*....verv. op.bls. 6*

**Bepaal 'n vasdag, roep die gemeente bymekaar, bring die leiers en al die inwoners van die land na die huis van die Here julle God toe. Roep tot die Here! (Joël 1:14).**

**VIR DIE HERLEWING IN DIE WÊRELD SE KERKE EN GEMEENSKAPPE**

Bid asb. vir **EEN DAG VAN VAS EN GEBED**

**14.12.2024 2e SATERDAGOGGEND**

**9 VM. TOT 4 NM.**

**ECHO OF HIS CALL CHURCH**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street,**
**Chepauk, Chennai - 600 005, India**

SPESIALE GASTE

**Dienaars van God met Gebedsalwing!**

**Ons verwelkom julle almal met liefde!**

Gelowiges in ander stede en die buiteland kan aanlyn by hierdie gebed aansluit op ons Echo of His Call YouTube lewendige uitsending.

Pr. S. Sam Selva Raj — Kamal Samson, Leader

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), ONDERSTEUN (Romeine 12:13) & TE BESPOEDIG (2 Timoteus 1:6)



## GEBEDSPUNTE - 2024 Desember 19 Tot 2025 Januarie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**Desember 19** ➲ Al ons Hulpredakteurs en hul gesinne.

**Desember 20** ➲ Die volgehoue bedryf van ons Evangelie Drukpers en die vaardige personeel.

**Desember 21** ➲ Goddelike beskerming oor ons Senior Pastoor en sy gesin teen alle soorte bose magte.

**Desember 22** ➲ Die volgehoue toewyding van ons Sendingwerkers.

**Desember 23** ➲ Sy guns en genade oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdragvennote en almal se gesinne.

**Desember 24** ➲ Sy oorvloedige seën op die gesinne van ons bedieningswerkers.

**Desember 25** ➲ Die geboorte van Jesus Christus, die Verlosser van die wêreld wat ons almal kom red het.

**Desember 26** ➲ Sy seën oor al ons Kersfeesvieringe hierdie jaar.

**Desember 27** ➲ Die treffende werk van **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege**, en ons **Teologiese Korrespondensiekursus** in hul diens aan hulle wat in nood is.

**Desember 28** ➲ Sy seën oor die spesiale byeenkomste en seminare van **Echo of His Call bedienings** gedurende 2024 en 2025.

**Desember 29** ➲ Seën oor die dienaars van God met goddelike beskerming gedurende hierdie jaar.

**Desember 30** ➲ Die gladde en vrugbare bedryf van Christelike organisasies deur hierdie jaar.

**Desember 31** ➲ Die wonderbaarlike voorsiening in al ons behoeftes in 2024.

**Januarie 01** ➲ Sy leiding en seën oor al ons lesers en mense wêreldwyd soos Hy ons inlei in die Nuwe jaar 2025.

**Januarie 02** ➲ Nuwe beloftes vir 2025 wat hoop en seën bring vir alle Kerke en gelowiges.

**Januarie 03** ➲ Volgehoue seën op alle Christelike organisasies en Kerke gedurende 2024.

## Bid asseblief vir ...

**Januarie 04** ➲ Dat vrede en menslikheid wêreldwyd sal toeneem.

**Januarie 05** ➲ Vir beskerming teen nuwe siektes, en goeie gesondheid vir alle mense oral op die aarde.

**Januarie 06** ➲ Vir goddelike beskerming teen bose magte vir alle Kerke.

**Januarie 07** ➲ Dat wêreldleiers gelei sal word deur Goddelike wysheid om te werk vir die welsyn van alle mense.

**Januarie 08** ➲ Vir die Hoof, onderwysers, studente en personeel van **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege**, en die **Teologiese korrespondensiekursus**.

**Januarie 09** ➲ Vir God se magtige hand op Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin in 2025.

**Januarie 10** ➲ Vir vrede onder alle nasies en ekonomiese voorspoed.

**Januarie 11** ➲ Vir gesinsharmonie oraloor.

**Januarie 12** ➲ Vir God se voorsiening in al ons behoeftes vir die maand.

**Januarie 13** ➲ Dat ons Senior Pastoor se outobiografie suksesvol voltooi sal word.

**Januarie 14** ➲ Vir die uitbreiding van ons bediening en die verspreiding van die Evangelie oor die wêreld.

**Januarie 15** ➲ Dat geweld onder die jeug sal end kry en hulle met die Heilige Gees gevul sal word.

**Januarie 16** ➲ Dat Christene God se Woord sal volg en Christus se karakter sal vertoon.

**Januarie 17** ➲ Vir geskikte en toegewyde werknemers vir ons organisasie.

**Januarie 18** ➲ Vir God se seën oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdragvennote en almal se gesinne.

*verv. v. bls.4*

die hede. Kersfees is daarom die viering van daardie vryheid, 'n vryheid om vrymoedig naby God te kom, nie meer geken aan die foute van die verlede nie.

## HOOP IN 'N STUKKENDE WÊRELD!

Daar is nog baie wat in hierdie vrolike byeenkomste worstel met hul stukkendheid, ontnugtering en wanhoop. Die daaglikse worstelings – gespanne verhoudings, geweld in die omgewing, swaar verliese en hartseer – kan die seisoen se blydskap verdonker. Maar juis hier bied die geboorte van Christus 'n vaste baken van hoop.

Jesus se koms is 'n simbool van God se onveranderlike toegewydheid aan die mensdom. As Lig van die wêreld skyn Hy in die donkerte. Johannes 8:12 bevestig: **Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."** Hierdie lig bring hoop, selfs wanneer die lewe oorweldigend voel.

Paulus herinner ons dat ons hoop geanker is in ons geloof in Christus, 'n hoop wat die nou en die toekoms raak. In Romeine 15:13 bid hy: **Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees.** Terwyl ons nadink oor die hoop wat Jesus hierdie Kersfees bring, is ons geroepe om dit met ander te deel, om hulle wat swaarkry te bemoedig dat daar troos is in Christus.

## HOOP VIR DIE HOOPLOSES!

Die Kersboodskap steek 'n hand uit na hulle wat belas is deur hooploosheid. Baie voel verlore en oorweldig, afgerem deur die hardheid van die lewe. Maar die profeet Jeremia gee hierdie herinnering: **Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!** (Jeremia 29:11).

En Jesus beliggaam hierdie hoop. Sy lewe en onderrig gee bemoediging en doelgerigtheid, versekering dat ons omstandighede nie ons waarde en moontlikheid uitspel nie. In 'n wêreld wat smag na betekenis is die Kersboodskap 'n oproep om in Jesus te vertrou, Jesus wat hoop is selfs in die donkerste tye.

## JESUS AS DIE VREDEVORS IN 'N RUSTELOSE WÊRELD!

Ontelbare uitdagings staar ons tyd in die gesig – stryd, armoede, onreg, verdeeldheid. Viering van Jesus se geboorte herinner ons dat Hy gekom het om die hart hiervan aan te spreek. Jesus bring nie net vrede nie, maar Hy is die vrede, en Hy roep ons om vredemakers in die lewe te wees: **Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.** (Matteus 5:9). Dwarsdeur sy bediening het Jesus die voorbeeld gestel van vrede maak deur uit te reik na die ongeagtes, teenpartye te versoen en genesing te gee vir hartsgebrokenes. Sy voorbeeld bemoedig ons om vrede na te jaag in ons verhoudings en gemeenskappe.

## DIE ROL VAN DIE KERK!

Die Kerk het die middelpunt-rol om Christus se vrede na die stukkende wêreld te bring. As liggaam van Christus is dit ons roeping om God se liefde en genade op egte en tasbare maniere te leef.


**NEHEMIAH BYBELKOLLEGES,**

Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

Haas jou vir toelating!

Medium :Tamil (Part Time)

Diploma in Theology

Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

Bid asb. vir

Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

Paulus skryf so: **Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het.** (Efesiërs 2:14).

Hierdie woorde beklemtoon dat deur Christus die grense afgebreek is, en dat eenheid gevestig is. In die verdeelde wêreld is die Kerk die baken van hoop, die voorbeeld van vergifnis en versoening. Ons aksies word 'n kragtige getuienis van die vrede wat Christus gee.

## HELING VIR DIE MENS SE HART VAN VREES, ANGS EN BEDRUKTHEID!

Die vakansieseisoen rakel dikwels vir baie gevoelens op van vrees, angs en bedruktheid. Die kontras tussen sosiale verwagtings en persoonlike worsteling kan lei tot oorweldigende emosies. Maar Jesus bied onoortreflike heling en herstel vir ons uitgerafelde siele.

## DIE VERSEKERING VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID!

God nooi jou om sy teenwoordigheid te soek in angsvolle tye. In Psalm 23:4 verklaar Dawid: **Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig.** Hierdie versekering van God se teenwoordigheid herinner ons dat ons nooit alleen is in ons worstelinge nie.

Verder raai Petrus ons aan om **al julle bekommernisse op**


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## MISLUKKINGS IS LERE TOT SUKSES!

Toe **Echo of His Call** se bedienings begin het, het ons groot klem geplaas op persoonlike gebed, groepsgebed, vas en naggebede. Hierdie bediening is nie gebou op menslike vermoë of finansiële sterkte nie, maar op die krag van gebed.

Soms het God vyandige persone gebring om ons te toets, en ander tye het Hy ons omring met mense wat ondersteun. Maar deurentyd het Hy my op wonderbaarlike maniere gelei.

Wanneer ek terug kyk sien ek hoe Hy my gelei het tussen hulle wat Hom nie geken het nie en selfs hulle wat ons bediening teengestaan het, maar sy werk is gedoen. Deur **Echo of His Call** het baie mense ongewone tekens en wonders in hul lewens beleef.

Ons naggebede en aand samekomste het menige seëninge vir mense besorg, en daarom is hierdie samekomste vir my van die hoogste belang. Aanvanklik het min mense daarvoor gekom, dit het gelyk asof sommige nie omgee nie. Maar later, soos ons meer geword het, het ons samesang en gebede vir sommige bure lastig geword, 'n steurnis. So, sonder 'n toegewyde plek vir aanbidding het ons op 'n nabygeleë strand bymekaar gekom.

En soos wat die samekomste gegroei het en meer lewens geseën is, het daar nuwe uitdagings gekom. Maar ten spyte daarvan was ons oortuig om voort te gaan daarmee, en dit het die las op my hart verdiep om vol te hou met God se werk.

Met hierdie uitdaging voor oë het ek saam met 'n gebedsvennoot ernstig begin bid, op ons knieë, tot middernag. Ons het die Here gevra om op 'n manier in te gryp. Vir 'n aantal dae het Hy ons laat byeenkom in groot gehuurde huwelik-sale. God het die krag en toewyding gegee om hierdie gebedsbyeenkomste te hou met toewyding en opoffering.

As antwoord daarop het Hy ons geseën met ons eie gebou waar ons kon saamkom sonder om enigeen se guns te vra. Is ons God nie wonderlik nie? Hierdie oorwinning het jare lank geneem en ons moes geduldig wag en met geduld verdra.

Liewe Leser, God reageer nie altyd dadelik nie. Hy waardeer ons lydsaamheid en vurige gees in gebed. Op die regte tyd sal die Here jou ophef. Tot dan ... wees nederig onder sy magtige hand. **Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het.** (1 Petrus 5:6).

************

**Hom te werp, want Hy sorg vir julle.** (1 Pet 5:7). Geen las is vir Hom te swaar nie. Deur Hom te vertrou met ons vrees en angs ervaar ons ongeëwenaarde verligting en 'n invloei van sy vrede.

## HELING DEUR JESUS!

Jesus het gekom om die hartsgebrokenes te heel en die wat swaar kry te verlig. In tye van wanhoop kan ons by Hom krag kry. In Jesaja 61:1 verklaar die profeet: **Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is, ...**

Hierdie belofte geld vir emosionele, geestelike en liggaamlike genesing. Ons kry troos wanneer ons na Christus kyk en weet Hy verstaan ons pyn. Hy nooi ons om ons laste by sy voete te sit en herstel en hoop in die plek daarvan te kry.

## JESUS - DIE FINALE BRON VAN VREDE!

Om deur die ingewikkeldhede van die lewe rigting te hou is dit noodsaaklik om Jesus te herken

as die uiterste bron van vrede. Hy bied meer aan as kalmte in die maalkolk, ja, Hy is ook die fondament van ewige hoop.

## OMHELS VREDE IN DAG-TOT-DAG LEWE!

Hiervoor is dit nodig om 'n verhouding met Christus te koester deur gebed, Skrif en kameraadskap. **Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.** (Filippense 4:8). Met dit in die middelpunt van ons gemoedere verwelkom ons God se vrede in ons daaglikse lewe.

Paulus skryf in Galasiërs 5:22-23 van die vrug van die Gees, en dit sluit vrede in. Wanneer ons in die Gees wandel en ons aan God onderwerp, word hierdie vrede deel van ons interaksies en keuses. Vrede is dan nie net maar 'n gevoel nie, maar 'n lewensstyl, uitgedruk deur ons liefde en omgee vir ander.

## DEEL DIE GAWE VAN VREDE!

Terwyl ons self die herskeppende vrede van Christus beleef, is dit ook ons roeping om dit met die wêreld te deel. In 'n gemeenskap vol verdeeldheid en onrus sal ons vrede-getuienis 'n heenwysing word na die hoop wat in Jesus te vind is. Laat ons hierdie Kersfees ander uitnooi om God se vrede saam met ons te beleef.

## SLOTSOM

## DIE WARE GEES VAN KERSFEES!

Kersfees is meer as net 'n vakansiedag; dit omvat die goddelike boodskap van vrede, hoop en heling. Viering van Jesus se geboorte herinner ons dat egte vrede in 'n verhouding met Hom is. Ons vryheid van sonde, die hoop wat Hy gee in die gebrokenheid en sy oproep om vredemakers te wees verdiep ons begrip van hierdie seisoen se betekenis.

In 'n wêreld wat soms deurmekaar en verdeeld voel, staan Jesus soos 'n pilaar van hoop en versoening. Deur sy liefde weerkaats ons God se hart, deel ons sy vrede met die stukkende wêreld. Kom omhels die ware Gees van Kersfees deur sy vrede toe te laat om ons te herskep en dan daardie vrede te versprei na ander.

In die woorde van Paulus: **En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.** (Kolossense 3:15). Mag hierdie Kersfees ons nader bring aan hierdie vrede, gewortel in Christus, en ons bekragtig om dit met die wêreld in nood te deel.

******

## ONMIDDELLIK BENODIG

**ECHO OF HIS CALL brei vinnig uit. Ons benodig sending bewuste, toegewyde en getroue mans en vroue kandidate vir die volgende posisies:**

- Voltydse Hulppastore vir ons Hoofkerk
- Voltydse Hulppastore vir ons sustergemeentes in Chennai
- Voltydse veiligheidspersoneel
- DTP Operateurs en tikkers
- Vaardig in praat en skryf in Engels en ander tale
- Kantoorbestuurders wat belangstel in Administrasie
- Voltydse lektore vir Bybelkolleges
- Vrywilligers wat ons bedienings kan bekendstel en bevorder
- Hon. Co-ordinators to serve in Editorial Board of **Echo of His Call**
- Voltydse voertuigbestuurders
- Hoof en Onderwysers vir die Matrikulasieskool
- Voltydse kokke (vroulik)
- Voltydse huishoudelike werknemers

**Salaris volens kwalifikasies en ondervinding.**

**Bid asb. vir**

Please Contact **ECHO OF HIS CALL** office
**Doen aansoek by whatsapp nommer : 98412 71858**
**E-pos : sam@echoofhiscall.org**

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th DECEMBER 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

**JESUS HET JOU LIEF!**

To

**GOD SEËN JOU!**

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**